Liewe medegelowige

Die skrywer van Psalm 116 vra in vers 12: “Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy goeie dade aan my?” En dan skryf hy in vers 17: “Aan U sal ek dankoffers bring, en die Naam van die Here aanroep.”

Die Here het my en jou uit genade van sonde en dood verlos. Ons kan Hom op geen manier vergoed vir sy liefde vir ons nie en Hy verwag dit ook nie van ons nie.
As Geesvervulde mense wil ons egter nie anders as Hom uit dankbaarheid te dien nie. Een van die maniere om Hom uit dankbaarheid te dien, is steeds deur ons dankoffers en die aanroep van sy Naam.

Met die skrywe herinner ons julle aan die voorreg wat ons het om 'n tiendemaand-dankoffer aan die Here te bring. Hierdie jaar nooi ons julle uit om op Sondag, 26 Oktober 2025, met blydskap te gee — nie uit plig nie, maar uit 'n hart wat oorloop van dankbaarheid vir God se goeie dade aan ons.
2 Korintiërs 9:7 herinner ons hieraan: "Laat elkeen gee soos hy vooraf in sy hart besluit het - nie met droefheid of onder dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."

Ons tiendemaand-dankoffer is 'n geleentheid om die Here te dank, die gemeente se bediening te ondersteun en hoop aan ander te bring. Laat ons, as God se fontein van liefde, saam dien - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor ‘n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Sondag 26 Oktober 2025 is ons amptelike 10de maand dankoffer sondag.
2. Jy kan ook ‘n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

Ons begroot hierdie jaar vir R330 000 vir die Tiendemaand dankoffer.

Ons wil graag die insameling teen einde November afsluit. Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

Mag die Here jou ryklik te seën om ander tot seën te wees!

Dankie
Die Kerkraad